## 22. Omgeepapier 5 - 11 Augustus 2024

**Eks 3: 1 - 15. Die Here verskyn aan Moses in die Brandende Doringbos!**

1. Lees Jes 6:5b en Habakuk 2:14. (Die Heerlikheid / Heiligheid van die Here)

   **Vraag - Waar / hoe sien jy die Here se Grootheid / Almag / Teenwoordigheid / Betrokkenheid in ons wêreld; Of staar jy jou blind teen die bose se betrokkenheid?**

2. Lees Eks 31:1-6. (Die Vaardighede van Besaleël en Oholiab)

   **Vraag - Watter vaardighede het die Here aan JOU gegee?**

3. Lees Eks 3:7-8. (Wat die Here sien / die Here se voornemens)

   **Vraag - As jy dink aan ons / jou omstandighede / probleme / invloed van die bose / nood van "vandag", wat dink jy moet die Here daaraan doen? Wat wil die Here hê moet JY doen daaraan, om Hom te help?**

4. Lees Eks 3:11-12 (Moses se swakpunt / selfbeeld vs Die Here se Troos); Lees ook Matt 5:3 (Geluk van die Afhanklikes van die Here); Lees ook Matt 1:23 (Immanuel)

   **Vraag - As jy bang voel vir die taak wat die Here jou opgelê het, hoe moet jy eerder daaroor dink?**

5. **Gebedsversoeke:**
   **Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**
   -
   -

   **Vir wie / watter situasie kan ons bid?**
   -
   -